


Uitgawe 24-43

1 November 2024



**75ste Verjaarsdag
Piefermaritzburg-Noord**

NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL

Redakteur



Louis Nel

Kontak:

WhatsApp:

082 771 4925



E-pos: kommunikasie@ngkzn.org.za

Sinodale Kantoor

Ontvangs:

Lolla Bestbier

Tel: 033-345 2276/7/8

E-pos: lolla@ngkzn.org.za

Ander kontakbesonderhede:

<http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/>

Webwerf: www.ngkzn.org.za



Lees vorige nuusbriewe:

<http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/>

Laaï dokumente af:

<http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/>

In Hierdie Uitgawe

- 4 Dagboek**
- 5 Pietermaritzburg-Noord 75**
- 6 Ontvangs Ds. Tertius Naudé**
- 7 Ballito Kersbasaar**
- 8 Merrivale Basaar en Kersmark**
- 9 Meerense Leraarspos**
- 10 Durban Ring gesels Geloofsake**
- 11 Jeugrubriek**
- 12 KZN Outreach**
- 14 Diensjaar**
- 15 Badisa**
- 16 Capturing Miracles**
- 17 Samewerking is 'n Geskenk**
- 18 Boeke: Die Verlore Skapie**
- 19 Die Getuienis van ChatGPT**
- 20 Oordenking – Preek is nie maklik nie!**
- 24 Laaste Woord**

Dagboek

2 Nov. **Kermis** – Arboretum (Richards Baai)

2 Nov. **200 Jaar Hervormingsfees**

3 Nov. **NG Pietermaritzburg-Noord 75 jaar oud**

10 Nov. **Bevestiging Ds. Tertius Naudé** - Ballito

13 Nov. **Moderamen** – NG Gemeente Hayfields

19 Nov. **NG Gemeente Utrecht 170 jaar oud**

7 Des. **Kersbasaar** – NG Ballito Gesinskerk

7 Des. **Kersmark en Basaar** – NG Merrivale

Klik op gebeurtenis vir skakel

NG Gemeente Pietermaritzburg-Noord



**Ons vier
75 jaar van
genade
en
dankbaarheid!**

**Ons nooi jou hartlik uit na die
NG Kerk Pietermaritzburg-Noord se
75-Jaar-feeediens op
Sondag, 3 November 2024 om 09:00
H/v Morcom- & Beverleyweg (Beverleyweg 2), Prestbury,
Pietermaritzburg.**



ONTVANGS VAN

*Ds. Tertius en Beate
Naudé*

U word hiermee hartlik uitgenooi na Ds. Tertius Naudé se
bevestiging as predikant van Ballito Gesinskerk en sy
intreepreek.

SONDAG, 10 NOVEMBER 2024 OM 08:30

21 Drive In Weg, Ballito

Koek en tee sal na die erediens bedien word.

RSVP asseblief voor 08 November.

ballitogesinskerk
NG Gemeente Noordkus

KOOP • EET •

KUIER

Kers
BASAR

07 DESEMBER

08:00

TOT

12:00

AGTER KLINIEK IN
LEONORA STRAAT,
BALLITO

ballifogesinskerk

NG Gemeente Noordkus

NG KERK BASAAR & XTRA MERRIVALE

COMBINED
Christmas Market

PET FRIENDLY



FREE ENTRY

- FOOD & CRAFT MARKET • MUSIC
- JUMPING CASTLE AND MORE!

8:30AM -
2PM

SATURDAY
7
DECEMBER

NG KERK
MERRIVALE
39 HOLIDAY ROAD



Support Local



STALL BOOKINGS:
WHATSAPP ONLY - 082 894 7502
PLEASE INCLUDE A LIST OF ITEMS YOU WISH TO SELL.
R120 PER 3M X 3M STALL.
STALL BOOKINGS CLOSE ON FRIDAY 29 NOVEMBER



NG Meerensee (Richardsbaai): Voltyds-onbepaalde termynpos leraar/diensleraar

'n Nuwe seisoen, 'n VARS bloeisel van genade-groei begin met hierdie pos wat NG Meerensee biddend bekendstel.

Dalk is dit ook jou seisoen!

WAAR IS ONS? Weg van koue vaal winters en stadsverkeer, aan die Noordkus van Zoeloeland. Ons geniet die tropiese natuur tussen see, meer en bos. Wens jy vir meer mooi dae per jaar in die buitlug? Avontuurlustigheid heers hier en die buitelewe is baie toeganklik vir dié wat wil. Pragtige strande en immergroen natuur bied die voorreg om jou kreatiewe denke te laat vloei of net te wees.

WIE IS ONS? Hier is 'n bediening so VARS en lewendig soos ons mense en omgewing. NG Meerensee het 'n vriendelike warm karakter, ingestel om mense welkom en veilig te laat voel.

Ons is opgewonde om te beleef hoe die Here ons wil vorm rondom 2025 se gemeentetema:

“VARS GENADE vir almal”



Meer Besonderhede



Foto vlnr: Riaan Laubscher, Leonardi Hart, Jan Viljoen, Lé-Ankè Coetzer, Pieter v d Walt, Christa Bester, Christo Lombard, Luan Martin, Louis Nel.

Ring van Durban Metropool Gesels Geloofsake

Die Ring van Durban Metropool was die afgelope week besoek deur Prof. Christo Lombard, hoof van die Departement Praktiese Teologie en Missiologie by Tukkies.

Die gesprek het gegaan oor geloof en veral hoe ons behoort te kyk na geloof wat moontlik van ons s'n verskil. Hoe moet ek byvoorbeeld iemand benader wat in die Hindoe-, Islam- of tradisionele Afrikageloof staan? Tergende vrae is gevra soos bv. oor persone wat nog nie van Jesus gehoor het nie – is hulle verlore?

Die gesprek sal voortgaan – moenie die volgende een misloop nie!



Jeugrubriek



Familie Tuisblad



3 November 2024

1

Begin hier

START

Lily gaan op 'n reis na 'n ander land en sy sien baie uit daarna! Die belangrikste ding wat sy nou moet doen, is om haar paspoort te onthou - sonder haar paspoort kan sy nêrens heen gaan nie, selfs al is haar tas gepak en het sy reeds die vliegkaartjie. Lily soek en soek na haar paspoort: sy soek in haar laaie, onder haar bed en selfs in haar tas, maar sy kry dit nêrens! Sy wonder of iemand haar dalk wou uitvang en dit weggesteek het? Of, besef sy, miskien is daar soveel dinge wat sy moet onthou vir haar reis, dat dit haar aandag afgetrek het en dat sy self haar paspoort êrens tussen die bagasie verloor het...

In die Bybel is daar mense wat vir Jesus probeer uitvang (amper soos om iemand se paspoort weg te steek!). Die Skrifgeleerdes, wat nie geglo het dat Jesus is wie Hy gesê het Hy is nie, vra vir Jesus 'n strikvraag net om te kyk of Hy die regte antwoord sou gee...

2

Lees Markus 12:28-34



3

Gesels



- Het jy al ooit gesukkel om iets te vind wat al die tyd reg onder jou neus was? Hoekom het jy so gesukkel?
- Dink julle Jesus gee 'n goeie opsomming van God se belangrikste reëls?
- Hoe lyk dit in julle huis, vriendekringe of groter familie wanneer mense hierdie belangrike reël nakom?

4

Bid



Ons sukkel soms om lief te wees vir al die mense om ons. Vra vir Jesus om julle te help om vir mense lief te wees soos wat Hy is.

5

Doen




Neem mekaar se paspoortfoto's! Neem foto's van elkeen se gesig en skryf die volgende onder aan die foto (julle kan ook 'n app hiervoor gebruik of die foto's uitdruk):

*Jou naam

*Jou geboortedatum

*Paspoortnommer: MARK12:28-34



KZN Outreach

“Die oes is groot maar die arbeiders min”. Ons ken almal hierdie woorde van ons Here Jesus. Hier in KZN is dit ‘n werklikheid waarmee ons elke dag te kampe het.

Dit is die werklikheid waarvoor KZN Outreach se jaarlikse Werkskomitee vergadering op 22 Oktober in Durban weer te staan gekom het. KZN Outreach is die gesamentlike bediening van die NG Kerk, VGK en RCA in ons provinsie, waar ons fokus op samewerking om die Evangelie na almal in die provinsie te bring. Tot hiertoe is veral daarop gefokus om leraarsposte in die VGK en RCA finansieel te subsidieër. Maar met fondse wat minder word was dit nodig om na ander moontlikhede te kyk.

Die Here het Veritas op ons pad gebring. Veritas lei lidmate op om die bediening in hulle gemeentes self te behartig onder toesig van ‘n leraar. Dit beteken dat die bediening kan voortgaan al is daar minder leraars. Een leraar kan dan vir ‘n aantal gemeentes verantwoordelikheid neem. Veritas word tans uitgerol in die VGK. Van die RCA gemeentes stel ook belang in Veritas. En daar is geen rede waarom Veritas nie ook NG gemeentes kan help nie.

KZN Outreach wil ook graag help om die vennootskappe tussen die gemeentes van die verskillende kerke te heraktiveer en van voor af aktiveer. Kontak gerus vir Ds. Gerhard Botha (082 923 7407) of ds Andries van Rooyen (081 289 1620) indien u enige navrae oor KZN Outreach het en vir dr Lourens Schoeman (083 785 6405) indien u belangstel in Veritas.



Op die foto is die verteenwoordigers by die vergadering op 22 Oktober. Hou asb hierdie bediening in u gebede.



DIENSJAAR

Met lewenslus toegerus!

075 200 19505 | WWW.KANDELAAR.ORG/DIENSJAAR

**MATRIEKS 2024, WAT MAAK
JY VOLGENDE JAAR?**



WIL JY 2025 WY AAN
GELOOFSONTWIKKELING,
PERSOONLIKE GROEI,
DIENSBAARHEID EN
NUWE AVONTURE MET
LEKKER MENSE?

BEPERKTE AANTAL PLEKKE BESIKKBAAR!

1 FEBRUARIE 2025

-

30 NOVEMBER 2025

VOLG DIE QR KODE OM TE VRA VIR MEER
INLICHTING EN ONS KONTAK JOU BINNEKORT!



**Laai 'n plakkaat af
Meer Besonderhede**

Badisa

Wenke om iemand met demensie te ondersteun



Demensie is 'n term wat verskeie siektes soos Alzheimer's en Parkinson's insluit, en beïnvloed 'n persoon se geheue, taal en probleemoplossingsvermoë negatief. Dit maak dit moeilik vir die persoon wat met demensie leef, sowel as vir hul geliefdes. Christelle Klopper, koördineerder van Bejaarde- en Gestremdheidsorgdienste by Badisa, deel praktiese wenke.

Klopper beklemtoon: “Om vir iemand met demensie te sorg of om meer te leer oor die toestand, is dit belangrik om kennis op te doen. Dit help jou om hulle beter te ondersteun in hulle reis deur 'n nuwe wêreld.”
Wat is demensie?

Dementia is 'n groep simptome wat 'n negatiewe impak het op geheue, taal, probleemoplossing, denkvermoë, aandag en logiese denke.



Lees verder...

Kyk weer (Deel 3): “Capturing Miracles”



“Sometimes we just take pictures, but certain moments, the ones that truly strike the heart, feel like capturing a piece of heaven on earth.” So beskryf Tamara Pow Chong fotografie. Sy is ’n fotograaf van Kaapstad wat spesialiseer in geboortefotografie. Vir haar is hierdie “werk” ’n diep spirituele ervaring en sy beskou dit as ’n groot voorreg om keer op keer wonderwerke as fotostories vas te vang. Swangerskap, geboorte en gesinne lê haar baie naby aan die hart. “I’ve had a few miscarriages, taking me to deep, dark valleys—valleys from which only the Lord has been able to draw me out.”

Was dit dalk juis fotografie wat haar gehelp het om uit hierdie donker dieptes op te staan?

Met dank aan VrydagNuus



Lees Verder...



Mzwandile Molo: Samewerking is 'n geskenk

Deur Le Roux Schoeman

Samewerking tussen verskillende kerke is 'n geskenk vir die Suid-Afrikaanse nasie, het Eerw. Mzwandile Molo, algemene sekretaris van die SA Raad van Kerke (SARK), Woensdagoggend gesê op die tweede dag van die vergadering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) wat op 29-31 Oktober in Benoni luister na terugvoer van taakspanne en besin oor die NG Kerk se roeping.

“It is a beautiful moment to reflect on what is our common witness in this country.” Ontvang (die boodskap) as 'n uitnodiging, het Molo die sowat 40 afgevaardigdes van al tien streeksinodes van die NG Kerk tydens sy gasrede versoek. Eenheid is nie 'n strategie nie, het hy verduidelik.



Lees Volledige Berig



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**NUUT by
CLF Uitgewers –
Die Verlore Skapie,**
geskryf deur Martin
Schwella

In Die Verlore Skapie ontmoet ons vir Leon, die lammertjie wat nuut is in Blêrfontein. Daar maak hy 'n nuwe vriend, Tjoppie, maar ontmoet ook die nare Jan Jakkals en sy held, Armach Breytenblaf, wat hom red. Leon leer bid, sing, hoe om die Bybel te lees, en om vir ander om te gee. Hy gaan kerk toe, woon Sondagskool by en help selfs pannekoek bak by die kerk se basaar. Deur hierdie avonture leer Leon ook van die Herder, die Een wat hom liefhet.

Hierdie boek het pragtige illustrasies en 'n boeiende storielyn wat kinders én volwassenes sal geniet. Die Verlore Skapie is ook beskikbaar op Spotify, saam met die liedjie “Ek behoort aan Jesus” wat spesiaal vir hierdie verhaal geskryf is. Die Verlore Skapie is ideaal vir kinderkerk, Sondagskool, kinderdienste, of vir ouers wat saans vir hul kinders wil lees.



Koop Aanlyn

Die onverwagse getuigenis van ChatGPT

*Met dank aan
VrydagNuus*



'n Onlangse video het die internet aan die gons: iemand vra vir ChatGPT, 'n kunsmatige intelligensieplatform: "As jy 'n geloof moes volg, watter een sou dit wees?" En, sonder huiwering, kom die antwoord: Christenskap.

Mens kan amper hoor hoe die wêreld 'n gesamentlike asem intrek. Hoe op aarde kies 'n masjien Jesus? Wat sê dit vir ons?

Kom ons wees eerlik, niemand het gedink dat 'n rekenaarprogram vir "Jesus kies" nie. Mens het 'n antwoord verwag wat neutraal of vaag sou wees – miskien iets sê soos "ek volg logika en rede." Maar nee, dit kies die geloof wat sentreer rondom genade, liefde en vergifnis. Dis verrassend, maar ook op 'n manier logies.



Lees Volledige Berig



Oordenking

Preek is nie Maklik nie!

Handelinge 14:1-28

You  Kyk Oordenking op Youtube

Na hulle vernederende ondervinding in Antiogië, vertrek Paulus en Barnabas ooswaarts na drie stede in die Romeinse provinsie Galasië, Ikonium, Listra en Derbe. Die roetine wat hulle volg is om weereens eerste in die Joodse sinagoges te gaan preek en daarvandaan verder uit te brei en die evangelie dan ook aan die heidene te verkondig. Telkemale is dit die Jode wat die vlieg in die apteker se self is. In Ikonium sweep die Jode wat nie die evangelie wou aanvaar nie die heidene op teen Paulus en Barnabas, met die gevolg dat hulle baie teenstand kry. Maar dit skrik hulle nie af nie en die twee hou ywerig aan om die Woord te verkondig. Hulle hou aan totdat dit op 'n dag net eenvoudig so warm begin raak dat hulle noodgedwonge voor 'n woedende, oproerige skare vir hulle lewens moet vlug!

Vandaar vertrek hulle na die stad Listra, waar Paulus 'n gebrekklike man genees. Die skare is in vervoering oor hierdie wonderwerk en hulle besluit summier dat hierdie twee manne gode is wat na die aarde neergedaal het. Barnabas is die hoofgod Zeus en Paulus sy boodskapper Hermes.

Die mense babbel opgewonde in hulle moedertaal, Likaonies, met die gevolg dat Paulus-hulle nie verstaan waarom die groot bohaai gaan nie. Eers wanneer hulle tempel toe gesleep word en daar begin word om vir hulle offerandes voor te berei, begin hulle besef wat werklik aan die gang is. Dit kos baie mooi verduidelik om die opgewonde skare te oortuig dat hulle maar net doodgewone mense is en beslis nie gode nie!

Weereens is dit die Jode wat die twee se prediking kom versuur. Hulle het al die pad van Antiogië en Ikonium af gekom om die mense van Listra te kom waarsku oor hierdie twee "gevaarlike" manne se "dwaalleringe" en dan sweep hulle die mense van Listra op teen Paulus en Barnabas. Só oortuigend is hierdie Jode dat die inwoners vir Paulus uit die stad sleep en hom met klippe bestook.

En daar lê hy morsdood gestenig! Nes Sefanus van ouds..... Altans, so dink almal, maar die Here het nog 'n groot taak wat vir Paulus voorlê en Sy hand van beskerming rus op die groot sendeling. Terwyl die gelowiges so verslae rondom sy "lyk" staan, staan Paulus voor hulle oë op en gaan saam met hulle terug in die stad in!

Ek wonder darem net wat die uitwerking was op die gelowiges toe Paulus hier "uit die dood opstaan?" Die nuus het sékerlik soos 'n veldbrand versprei!

Nét die volgende dag vertrek hy en Barnabas egter na die stad Derbe, waar hulle weereens ywerig die Evangelie verkondig. In Derbe kom 'n groot aantal mense tot bekering.

Die tyd het egter nou aangebreek dat hulle moes terugkeer na hulle moedergemeente. Maar eers was daar 'n baie belangrike taak: hulle moet dóódseker maak dat dit goed gegaan het met die gemeentes wat hulle so pas gestig het. So loop hulle dan terug op hulle spore deur Listra, Ikonium en Antiogië en dít ten spyte van al die weerstand wat hulle die afgelope tyd daar ondervind het!

Hierdie twee manne het waarlik hare op hulle tande gehad, om die dood te trotseer deur terug te gaan na plekke waar hulle deur die inwoners met die dood gedreig was. Dit was egter vir hulle baie belangriker om seker te maak dat die nuwe gemeentes behoorlik gevestig en versterk sou word.

Van Antiogië in Pisidië af pak hulle die lang pad aan terug na 'n baie vriendeliker Antiogië in Sirië waar hulle gemeente geleë was. So ver as wat hulle gegaan het was die Woord verkondig.

Dis 'n opgewonde gemeente wat die twee in Antiogië ontvang het en hulle moes kom vertel van alles wat met hulle gebeur het. Vir Paulus het een ding soos 'n paal bo water uitgestaan: die Here het 'n deur oopgemaak vir die heidene, 'n deur van geloof. Inderdaad was hierdie slegs die begin van baie wonderlike dinge wat later nog sou gebeur!

Lyding is deel van die pad van die Evangelie. Daar word nie maanskyn en rose gewaarborg vir die kerk van Christus hier op aarde nie. Wat Hy wél waarborg is dat Hy by sy kinders sal bly tot aan die héél einde (Mat. 28:20). Hy waarborg ook nie dat alles vlot gaan verloop wanneer die Evangelie verkondig word nie. Die bouse skop immers hier viervoet vas en beveeg dit met ál sy mag. Hy waarborg egter dat Hy die gelowige se hand sal vashou en hom sal dra deur al die uitdagings. Ons gelowiges het immers die héél beste Gids om ons deur die duisternis te lei, die Heilige Gees. Hy sorg dat ons nie sal verdwaal nie en vir niks hoef bang te wees nie. Paulus en Barnabas het nie vir 'n oomblik gekroom om terug te gaan, reg in die kake van die “draak” in nie. Hulle het geweet Wie saam met hulle was en die Here het hulle veilig dwarsdeur dit alles gelei. Vandag is daar talle verhale van mense wat die Woord uitdra in die verskriklikste omstandighede, maar hulle doen dit vol vertroue want hulle het vir Jesus aan hulle sy.

Ons leer van Paulus en Barnabas, dat wanneer jy erge teenstand kry terwyl jy die Woord verkondig, dan is dit dalk júís omdat jy op die duiwel se tone trap! En hét hulle nie sy liddorings seergemaak nie! Dan moet jy nie moedeloos raak nie, maar juis bly wees dat jy kon deel wees van die stryd teen die bouse. As hy skree, dan weet jy dat hy seergekry het!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag die versekering het dat U elke tree met my saamstap, selfs deur swaarkry as gevolg van die Evangelie!

Laaste Woord

In die 40ste jaar na die uittog uit Egipte,
op die eerste Februarie van daardie jaar,
het Moses Israel alles vertel wat die Here
vir hom gesê het.

DEUT 1:3

*Here, dankie dat ons lewensreis op aarde elke
dag in U Hand is. Dankie vir uitkoms na
swaar tye.*

Amen



Vrydag 1 November 2024

Prof. Barry Tolmay

@Krantzkloof Gemeente